# Sending Nuusbrief

Die susters in Belhar en Leiden se gemeente het hierdie afgelope jaar gesamentlik begin met handvaardigheidsklasse.

Susters Hettie Titus en Gishlin Koks het voorheen in die tekstielbedryf gewerk en het saam besluit dat hulle hierdie handvaardigheidsprojek kan begin. Hulle het nou 'n bietjie meer tyd beskikbaar om soiets aan te pak.

Ons is dankbaar en bly dat hulle tot eer van die Here hulle roeping en taak in die gemeente en gemeenskap wil uitleef. Kunsprojekte kan gemeenskappe help met verligting van hul armoede. Dit gee ook geleentheid vir diegene wat nie in staat is om hul gevoelens te verwoord nie, uitdrukking te gee d.m.v. 'n kreatiewe en mooi medium. So het ons in die program 'n dame wat a.g.v. 'n beroerteaanval nie kan praat nie en selfs sukkel om te eet, maar tog die mooiste kunswerke maak.



*Ecclesia Christi fluctuat non mergitur*

Die groep van nege susters ontmoet gereeld elke Woensdag in die kerkgebou in Belhar. Die praktiese klasse word voorafgegaan met skriflesing, bespreking en vrae wat ontstaan tydens die lees van die skrif en gebed. Sodoende is daar geleentheid vir bybelstudie. Daar word vir die lede en hul gesinne gebid en ook vir die kerk, gemeente en gemeenskap. Br. Farentino Koks sit soms in by die bybelstudie voor die handvaardigheidsklasse 'n aanvang neem.

## TEMA: HANDVAARDIGHEIDSKLASSE

Die gemeentelede van Leiden bring af en toe 'n besoeker saam en daar is vanuit Belhar se gemeenskap ook soms besoekers. Dikwels daag daar net iemand op wat bemoediging en berading of net iets te ete benodig. Sr. Jessica Koks is dan altyd beskikbaar om te help waar nodig.

**Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.**

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.



# Sending Nuusbrief



*Ecclesia Christi fluctuat non mergitur*

Ons hoop en bid dat daar in die volgende kwartaal al hoe meer belangstelling sal wees om deel te neem aan hierdie projek.

Hierdie kwartaal het die groep handgemaakte teddiebere en handsakke gemaak. Daar is ook allerhande hekel- en brei-items gemaak. Soms lê die groep op 'n Saterdag besoek af by die VGK in Bellville waar hulle saam met die dames breiwerk doen in die kerksaal. Dit is pragtig om so die gemeenskap van die geloof te ervaar.



## TEMA: HANDVAARDIGHEIDSKLASSE

***Sake vir voorbidding:***

- Die maatskaplike en sosiale toestande in Belhar en Leiden/ Delft.
- Dat ouers en gemeenskapsleiers hul tot Christus sal bekeer tot redding van hul gesinne en die gemeenskap.




**Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.**

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.